# 1 September 2023 - Lesing 115 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur di Innerlike Woord***
Die laaste oordeel – 3/9/59

**NO: 7403** Daar sal 'n einde wees met verskrikkinge vir almal wat nie glo nie. Want hulle sal iets meemaak wat hulle nie as moontlik beskou het nie, omdat dit iets heeltemal buite alle wette is. 'n Gebeurtenis wat hulle nie eers te voet sal kan volg tot aan die einde nie, maar waarvan hulle self die slagoffers van sal wees. **Want hulle verloor hierby hulle lewe**. **Hulle word deur die aarde verslind** en vir niemand is daar 'n uitweg nie, tensy hy nog op die laaste oomblik vanuit sy hart na My roep of Ek hom sou wil help.

Maar die mense wat die einde meemaak - **uitgesonder My klein skare wat voor hulle oë weggeneem gaan word** - het al heeltemal 'n prooi van satan geword.

En maar selde sal daar iemand onder hulle wees wat nie net uit vrees bekeer nie, maar uit 'n skielike insig van 'n magtige God wat hom kan help. En die mense sal ook geen tyd hê vir oorwegings nie, want **skielik en onverwags** sal die laaste oordeel losbreek oor die mense. Skielik en onverwags sal daar **vuur uit die aarde** kom. Sy sal uitbars en **alles verswelg** wat op die aarde lewe.

Dit sal 'n handeling van baie korte duur wees, maar met 'n geweldige uitwerking. **Die aarde sal haarself oopmaak soos 'n onversadigbare afgrond en alles in haarself opneem,** soos wat dit verkondig is in Woord en Geskrif. En daar sal geen redding meer bestaan nie. Dit is onherroeplik die **einde vir alles wat in, op en bo die aarde leef.**

Want die tyd het ten einde geloop wat vir die geestelike gestel was vir hul ontwikkeling. En vele van die gekluisterde geestelike moet in 'n nuwe, ander vorm hul ontwikkelingsgang voortsit op die nuwe aarde.

En die geestelike is dankbaar vir die verandering, omdat hul voortskry in hul ontwikkeling, wat op die ou aarde **deur menslike wil al erg bemoeilik was**.

Maar die as mens beliggaamde geestelike ondergaan 'n teruggang in hul ontwikkeling, **want hulle word weer opgelos in ontelbare partikeltjies**, wat weer die weg moet gaan deur die skeppings van die nuwe aarde, wat almal weer gekluister sal word in vaste materie en weer 'n buitengewone kwellende bestaan moet begin in ’n gekluisterde toestand, sodat hulle eenmaal weer die stadium sal kan bereik waarin hulle hulself weer as ’n siel van 'n mens mag beliggaam.

Julle mense staan nou voor hierdie groot aardse en geestelike omvorming. En die tyd tot aan die einde word van dag tot dag korter.

Julle is nie op hoogte van die verskrikking wat voor julle lê nie. Julle gaan rustig die dag van ineenstorting tegemoet, wat tog soveel ontsetting by julle teweeg sal bring met die daaropvolgende kluistering, indien julle nie aan Myne behoort nie. Wanneer hulle nie behoort aan hulle wat in My glo en - al is hulle maar swak gelowig – **sal hulle vroeër weggeroep word van die aarde**, sodat hulle nie heeltemal ten prooi val aan die satan nie, omdat hulle nie sou kon standhou teen die versoekings van die teenstander in die laaste tyd voor die einde nie.

Julle mense, almal wat voortydig die aardse lewe sal moet opgee, julle almal wat julle geliefdes bekla dat hulle heengegaan het, verheug julle. Want hulle is gered van die ondergang, van die verderf waaraan die mense ten prooi gaan val, wat goddeloos voortlewe en in hierdie goddeloosheid die einde gaan meemaak.

Hulle kan geen erbarming vind by My nie, want Ek vermaan en waarsku die mense steeds weer en so dringend, om hulleself op hierdie einde voor te berei, sonder om gehoor te vind.

En Ek kan nie met dwang op hulle inwerk nie. Ek moet hulle in hul geestelike vryheid laat, wat hulle op so 'n manier **misbruik**, dat hulle die **mag van die teenstander versterk tot aan die einde toe**, en daarom ook aan sy mag ten prooi sal val.

Daar gaan nog harde gevegte met My teenstander vooraf wees. En daarom praat Ek met julle mense, dat julle jul in hierdie stryd aan My kant sal plaas, as julle wil seëvier en in vryheid uit die stryd tevoorskyn wil kom. En Ek sal spreek tot aan die laaste dag, maar dit staan julle mense heeltemal vry hoe julle besluit.

**Maar die einde kom met verskrikkinge vir almal wat nie glo nie en My nie erken nie**. Maar Myne sal Ek red uit elke nood. Ek sal hulle gaan haal en bring in die paradys en **hulle sal getuies wees van die ondergang**, omdat hulle My Mag en Heerlikheid sal sien en **getuienis daarvan sal moet aflê aan hul nakomelinge op die nuwe aarde**. Amein.